

OEFENING VAN DIE WEEK:

In die volgende week gaan jy werk met die verhoudings wat jy in die sirkels neergeskryf het. Bid en onderskei in watter van hierdie verhoudings jy kan aanspoor tot liefde en goeie dade. Dalk is daar konflik in hierdie verhoudings, gaan maak reg. Maak 'n plan om met ten minste 3 persone in die volgende week te ontmoet en 'n afspraak te maak. As deel van die gesprek vra die 3 persone om ook terugvoer te gee oor die 3 vrae op die sirkel uitdeeltuk (ons gaan dit met die legkaart ritme gebruik).

I. Die fasiliteerder vir hierdie week vra die groep om die opening hardop saam te lees.



II. Nooi die groep om die volgende gebed elkeen hardop te bid (gee die keuse om te "skip"). Na die laaste persoon gebid het, gee die fasiliteerder vyf minute se stilte sodat lede hulle huidige verhoudings in konsentriese sirkels kan neerskryf.

III. Nooi die groep om slegs een van die volgende vrae te beantwoord.

IV. In hierdie deel van ons ontmoeting reflekteer ons op die oefening en ook die week wat verby is. As lede nie die oefening gedoen het nie, skep 'n bemoedigende maar tog uitnodigende atmosfeer.

Dissipelskap avonture - WEEKLIKSE GROEPSRITME

Sessie 4 van 10: Die pot ritme, Wie is my reisgenote?

I. OPENING

Tydens hierdie leerervaring vergader ons om saam te onderskei en eksperimenteer wat dit beteken om as missionale dissipels gevorm en gestuur te word. God roep, versamel, vorm en stuur ons om deel te neem aan die avonture van die koninkryk. Ons glo elkeen in die groep het iets om by te dra, en dat die Heilige Gees reeds besig is met elke persoon. Hierdie is 'n spasie om te treur saam met die wat treur, en blydschap te deel met die wat blydschap ervaar. Ons glo ons rol is om opreg te luister, oop vrae te vra en mekaar te ondersteun en aan te moedig. Ons is toegewyd om aktief aan hierdie leerervaring deel te neem.

II. WORD TEN VOLLE TEENWOORDIG

Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid (een vir een hardop):

Here, U is ons Drie-enige God - omdat U in gemeenskap leef roep U my om ook in sirkels van gemeenskap te leef. Help my om die verhoudings in my lewe te koester.

Na die hardop gebed, vra elke groepslid om die uitdeeltuk met die konsentriese sirkels biddend in te vul.

III. ONS LUISTER NA MEKAAR

Wie (anders as jou gesin) het in die laaste maand aan jou tafel geëet? Wat is jou gunsteling aktiwiteit met 'n goeie vriend? Wat is die laaste braai/potjiekos wat jy gemaak het, saam met wie? Het iemand onlangs op jou knoppie gedruk, en wat het gebeur? As jy 'n krisis beleef en iemand 3:00 in die oggend moet bel, wie sal dit wees?

IV. ONS KYK TERUG

Wat was jou belewenis met die muurprop ritme se afsprake en die gebed van bewuswording? As jy terugkyk na jou daaglikse joernaal, watter tekste staan vir

OEFENING VAN DIE WEEK:

In die volgende week gaan jy werk met die verhoudings wat jy in die sirkels neergeskryf het. Bid en onderskei in watter van hierdie verhoudings jy kan aanspoor tot liefde en goeie daade. Dalk is daar konflik in hierdie verhoudings, gaan maak reg. Maak 'n plan om met ten minste 3 persone in die volgende week te ontmoet en 'n afspraak te maak. As deel van die gesprek vra die 3 persone om ook terugvoer te gee oor die 3 vrae op die sirkel uitdeeltstuk (ons gaan dit met die legkaart ritme gebruik).

V. Die fasiliteerder lees die skrifgedeelte hardop, laat 'n rukkie stilte toe na die voorlesing. Vra iemand anders om na die stilte die teks weer te lees. Breek dan die groep op in pare om te wandel in die Woord. Na 6 minute deel die groep wat hulle by hul vriendelike vreemdelik gehoor het in die groot groep. Wanneer almal terug gerapporteer het lees die parafrase en se Willard aanhaling voor.

VI. Die fasiliteerder lees die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op watter een van die vrae hy/sy wil reageer. Die groep oefen om na mekaar te luister. [Onthou om HOW WE GATHER MATTERS] toe te pas

VII. Die fasiliteerder lees weer die stel vrae hardop en elke groepslid kies dan op **watter een van die vrae** hy/sy wil reageer. Vra die groep om notas te maak oor hul mede groepslede se antwoorde sodat hul ondersteuning in die week kan gee.

VIII. Die fasiliteerder verduidelik die Oefening bo aan die bladsy. Daarna sluit ons af met die seëngebed.

jou uit? Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

V. ONS LEES EN LUISTER SAAM (Wandel in die Woord)

Skrifgedeelte: *Hebrees 10:23-25*

Let us study how to irritate one another to love and good works. Hebrews 10: 24 (parafrase)

"Die doel van God in die geskiedenis van die mens is die ontwikkeling van 'n inklusiewe gemeenskap van liefdevolle mense, met God ingesluit in hierdie gemeenskap as die hoofbron en mees roemryke inwoner." Dallas Willard

Watter gedeelte(s) staan vir jou uit? Watter gedeelte bemoedig jou? Watter gedeelte ontstel jou? Watter vrae het jy oor hierdie gedeelte?

VI. RITME VRAE

Wie sien tans na jou om? Na wie sien jy tans om? Kan jy dink aan 'n geleentheid waar iemand jou in die laaste maand aangespoor het tot liefde en goeie daade? Die woord aanspoor is in Engels "provoke" en kan ook met "irriteer" vertaal word, wie irriteer jou tans tot liefde en goeie daade? Hoe lyk jou gewoontes om die gemeente se samekomste by te woon? Is daar tans 'n verhouding wat krappereg is en aandag verg? Is daar iemand in jou sirkels wat jy kan aanspoor, hoe kan jy dit doen?

VII. ONS KYK VORENTOE

Wat het uitgestaan vir jou van die gesprek? Het jy tot enige ander insig gekom? Is daar enige ondersteuning wat jy benodig van die ander groepslede?

VIII. OEFENING EN SEËN GEBED

Mag jy in jou sirkels van verhoudings groei om ander aan te spoor en om aansporing te ontvang. Mag jou verhoudings uitspoel in liefde en goeie daade. Amen